### *Die soeke van die Meester*

**133** Mathael, Ouran, Ebahl en die vier metgeselle van Mathael kyk almal blitsvinnig om en sien My met die ou Markus die heuwel opkom en gaan My vinnig tegemoet.

[2] By My aangekom, groet hulle My weliswaar baie hartlik, en dank hulle My dat Ek weer daar is, maar omdat hulle nie vir Jarah en Helena by My sien nie, bekruip `n angstige gevoel hulle. Ebahl, baie besorgd oor sy Jarah, vra My angstig of die twee My nie in die bos gevind het nie, want volgens die woorde van Rafael het hulle My in die oggend tegemoetgegaan. Omdat hulle nou nie by My is nie, kan hulle nog in die bos aan soek wees vir My. Daarom versoek hy My om Rafael agter hulle aan te stuur om hulle weer veilig na die geselskap te bring!

[3] **Ek** sê: "Waarom is julle besorg oor diegene wat My soek? Dink julle dan dat Ek net iemand van gevare kan beskerm as Ek persoonlik by hom is? Wie het dan vir My gesê, Ouran, toe jy in groot gevaar was, dat Ek aan jou moes dink en jou red? Dink jy dat Ek dalk nie weet waar die twee nou op hul soektog is nie? Laat hulle maar gaan, hulle sal wel terugkom!

[4] Hulle het My ook in hul harte gevind, iets wat vir niemand moeilik is nie. Maar wie My uiterlik gaan soek, hoewel hy weet dat Ek slegs innerlik gesoek moet word, het hierdie les nodig. In die geval gee Ek hierdie natuurlik slegs as voorbeeld om aan te toon dat een wat suiwer uiterlik soek en My tegemoetgaan, nie beteken dat `n mens nader aan My kom nie, maar wel dat `n mens My altyd meer kwytraak! Dit kan julle nou op die more van die sabbat wel eers baie goed ter harte neem! - Origens het die twee tog op My spoor gekom, en sal nou gou hier wees."

[5] **Ebahl** sê: "Wel, as dit so is, dan is alles weer in orde! As Rafael hulle nie met sy opmerkings so vinnig tot `n besluit gebring het nie, sou hulle sekerlik hier gebly het! Die brawe seun sien alles vlak by, ook al is dit so ver weg en dit is baie misleidend! Hy sal nooit iemand vinnig afraai nie, al sou dit ook iets kwaad blyk te wees, want op die manier wil hy dan iemand deur bittere ervarings op die goeie weg bring. Dit is die rede waarom hy die twee nie afgeraai het om U tegemoet te gaan nie, maar hulle selfs nog meer aangespoor het, en daarom het hulle nou êrens vermoeid gaan sit, en het geen idee van wat hulle moet doen nie! Maar dit is Jarah se eie skuld, want sy ken Rafael se manier van doen en weet hoe sy daarop moet reageer. Hy het haar weer daarin laat loop en dit is baie gesond, maar hy kan hom wel verheug oor wat hom te wagte gaan wees! As sy terugkom sal hy weer behoorlik die leviete gelees word, en hy sal hom weer verbaas oor Jarah se welsprekendheid!"

[6] Toe kom Rafael, wat die slapendes intussen gewek het, net aangeloop en **Ebahl** sê vir hom: "Nou is jy alweer die oorsaak van `n ietwat mislukte onderneming van sowel Jarah as Helena! Ek moet eerlik aan jou erken dat die manier waarop jy met die mense wat aan jou toevertrou is, omgaan, en waarop jy hulle lei, my gladnie geval nie! As een van jou leerlinge iets wil doen wat nie heeltemal goed is nie, moet jy hom met raad en daad daarvan afhou. Dit is nie reg om hom die verkeerde daad te laat uitvoer en om hom in `n sekere sin nog aan te raai nie, en hom deur die bose gevolge wat hy daarvan ondervind, as `n toekomstige sonde te bewaar nie! Dit kan miskien vir geeste van jou soort baie goed en doelmatig wees, maar na my mening gaan dit nie by mense af nie!"

[7] **Rafael** sê: "Jy is beslis `n eerlike en regskape Judeër, maar wat die geheime weë van die Meester betref, is jy so dom soos `n esel! Dink jy dan dat ek dit wat ek doen, uit myself doen?! Ek is `n Vinger van die Meester en doen wat die Gees van die Meester aan my opdra! As jy ook maar `n bietjie meer begrip gehad het, dan sou jy dit wel ingesien het, maar omdat ek weet hoe ver jou begrip in geestelike sake gaan, neem ek jou tekortkoming daarom nie kwalik nie. Dat die twee nie verdwaal het nie, kan jy sien aan die feit dat hulle nou gesond en behoue oor die berg van Markus se hut hiernatoe kom, begelei deur `n dogter van Markus wat ons kom sê dat die oggendete vir ons gereedstaan!"

[8] **Ebahl** sê: "Ja, maar hoe het die twee dan daaronder gekom, sonder dat ons hulle gesien het?"

[9] **Rafael** antwoord: "Sê die Meester nie dat hulle op Sy spoor gekom het nie?"

[10] **Ebahl** sê: "Nou, nou, ek sê niks meer nie. Hulle is nou weer daar en dus is dit, wat my aanbetref, in elk geval weer heeltemal in orde!"

### *Die rede vir die verwoesting van Césarea Philippi*

**134** Na die gesprek kondig Markus aan dat die oggendete gereedstaan en dat alle tafels reeds van spys en drank voorsien is. Ons maak ons gereed om van die berg na benede te gaan na die tafels wat op die oggend weer volgens die ou opstelling staan, en niemand ontbreek nie.

[2] Toe sê **Ouran** aan Helena: "Het jy, toe jy onder was, dalk gesien of ons tente nog daar staan en in of dit orde is? En het ons dienaars ook wel genoeg

om te eet en te drink, - en is ons pakdiere almal versorg?"

[3] Toe sê **Mathael** aan Ouran: "Vriend en skoonvader, in die teenwoordigheid van die Meester is elke sorg onnodig! Dink nou aan niks anders as aan die Meester nie, want Hy dink vir ons en vir die hele oneindigheid!"

[4] Toe ons onsself na hierdie opmerking van Mathael van die berg af na die tafels begeef, vra **Cyrenius** My onderweg: "Meester, moet ek dalk `n afdeling van my soldate na die stad stuur om te help met die blus van die vuur? Want as ons die stad nie help nie, is sy nog voor vanaand `n gloeiende puinhoop!"

[5] **Ek** sê: "Beste vriend, as Ek dit wou, sou Ek Rafael lankal daarheen gestuur het, en dan sou die brandende stad in `n oomblik geblus gewees het, maar Ek wil dat hierdie stad, wat vir Elohim sowel as die keiser sleg is, nederig word en daarom laat Ek alles, behalwe die huise van die armes en eenvoudiges, deur die vuur verwoes. Al die ander moet tot as vergaan! Hierna sal beter mense daar gaan woon, en die nakomelinge van ons ou Markus sal met toestemming van die keiser regverdig oor hierdie stad en omgewing heers, en dit sal hul erfenis bly van kind tot kind, en kleinkind tot kleinkind. As hulle Elohim egter sal vergeet, sal hulle vergaan, soos wat die bewoners van hierdie stad nou vergaan.

[6] As die brand hierdie stad van hoerery op `n werkdag sou getref het, sou hierdie brand lankal geblus gewees het. Maar op die sabbat, en veral op `n sabbat van die nuwemaan, raak geen ortodokse Judeër ook maar iets met die punt van sy pinkie aan nie, uit angs om voor Elohim verontreinig te word.

[7] Op die punt is die gewete van die ortodokse Judeërs baie gevoelig, maar die nalaat van goeie werke verontrus hul gewete nie in die minste nie, net so min soos die liggaamlike en geestelike egbreuk en allerlei bedrog.

[8] Hulle is selfs van mening, dat `n sonde teen die gebod van Elohim bykans geen sonde op `n werkdag is nie, en dat `n mens homself reeds lank voor die aand weer gesuiwer kan hê, terwyl `n mens op `n sabbat tot aan die aand toe onrein bly. Dan begin die vors van die nag egter al te heers, sodat dit bes moontlik is dat daar dan `n afgesant van satan kan kom, iemand onrein aantref, en daardeur in staat is om die onreine siel in besit te neem!

[9] Die sonde doen die mens maar net in die nag kwaad, en ook nog maar net tot na die middernagtelike uur, omdat satan gedurende die tyd op jag mag gaan. Oordag het hy geen mag nie, en dan kan `n mens na hartelus sondig, dit is niks nie. Die mens moet egter wel daarop bedag wees om hom vóór sonsondergang te reinig op die wyse wat deur Moses voorgeskrewe is, dan het `n mens vir die oordag begane sonde, in die nag nie die geringste te vrees nie.

[10] Aan Elohim steur hierdie blindes hulle nie in die minste nie, ook al sou hulle oordag nog soveel sonde teen Sy gebooie begaan het! Alles is vir hul daaraan geleë dat die satan hulle nie moet beetkry nie. Omdat dit die maklikste op `n sabbat kan gebeur, omdat hulle dan geen bok, geen lam en geen kalf mag slag nie, ja hulle selfs nie sewe maal mag was nie, sorg hulle angsvallig daarvoor om gedurende die sabbat sover moontlik rein te bly, sodat die duiwel hulle nie in sy mag kan kry as die son ondergegaan het nie!

[11] Nou ken jy die rede waarom hierdie duisterlinge liewer hul mooi huise op `n sabbat laat afbrand, as om `n hand uit te steek om die vuur te blus. Daarom sal `n Romeinse veldheer, wat nie onbekend sal wees met hierdie growwe en hardnekkige dwaasheid van die volk nie, weinig moeite hê om dié geslag, wanneer dit opstandig word, veral op `n wintersabbat, met één slag uit sy voeë te slaan, en sy groot stad in `n puinhoop te verander nie.

[12] Maar nou moet ons ontbyt eet, anders word ons verras deur `n aantal, nie so opgewekte besoeke, wat ons baie werk sal verskaf om op `n goeie manier bietjie daarvan af te kom!"

[13] Daarop gaan elkeen aan tafel en die smaaklike oggendmaal word die keer met groot eetlus geniet, en elkeen was baie tevrede met die ou Markus. Ook Ouran en Helena merk op dat hulle nog nooit sulke goed voorbereide visse en sulke smaaklike brood geproe het nie. Maar **Markus** gee alle lof aan My en sê: "Hy is die sout en die beste spesery van alle spyse, gee julle verdiende lof slegs aan Hóm!"

[14] Daar was nie één onder die talle gaste wat nie verstaan het wat Markus bedoel het nie, en almal het My stil in hul harte geprys. Maar **Mathael** sê hardop: "Ja, ja, ou Markus, waar die Meester die kombuismeester van alle lewe is en alles in alles is, is dit baie goed om te lewe, want daar moet gees, siel en liggaam die beste kos kry! Jy het baie goed gedoen deurdat jy die lof wat aan jou gegee is, terug verwys het na die Meester, maar juis daarom sal ook jou naam nie uitgewis word in die harte van die mense, wat jou as `n vriend van die Meester leer ken het nie!"

[15] Markus bedank My daarvoor dat Ek sy huis so `n buitengewone groot eer aangedoen het. Daarna bedank hy egter ook vir Mathael vir sy vriendelike woorde, en sê dat hy die eer heeltemal nie verdien het nie.